(E)
pam 2



# DE WET
# EN SY VERKENNERS

DEW

# DE WET EN SY VERKENNERS

deur
PROF. M. C. E. VAN SCHOOR

*'n Reeks praatjies uitgesaai in die vroeë-oggendprogram van die Afrikaanse Diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie*

'N PUBLIKASIE VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE
UITSAAIKORPORASIE

ISBN 0 86972 021 X

# 1

Vyftig jaar gelede. Duisende Afrikaners staan by 'n geopende graf aan die voet van die Vrouemonument. Oor die heuwels, randjies en vlaktes wat hy so lief gehad het, het hulle gekom – daardie droewige dag in Februarie 1922. Hier het saamgekom hulle wat hom blindelings gevolg en onder 'n koeëlreën ingestorm het; hulle wat die vreugde van sy klinkende oorwinnings by Sannaspos, Mostertshoek, Rooiwal en Groenkop gesmaak het, maar ook die teleurstelling van sy terugval en nederlae ervaar het; hulle wat in die winternag se kou saam met hom net die sterrehemel as kombers gehad het, ja, hulle wat saam met hom die laaste bietjie aangebrande pap uit 'n pot moes krap om die honger te stil. Maar hier het ook saamgekom honderde kampmoeders en -kinders – hulle wat hom aangevuur het om tot die bitter einde die stryd voort te sit, terwyl hulle self onbeskryflike smart en leed moes deurmaak. Hier staan bannelinge wat in hulle vaderlandsverwydering en eensaamheid vurig gebid het dat God hom moet spaar om hul Republiek se vryheid te verseker . . .

Groot manne praat vandag hier met swaar en weemoedige stemme: Oud-president Reitz, hoofregter Jacob de Villiers, moderator P. S. van Heerden, en selfs 'n krygsmakker wat sy teenstander sou word, genl. Smuts, die Eerste Minister. Maar almal wag op hom wat laaste sou praat; hy vir wie die gestorwene selfs op 'n mishoop sou staan en pleit dat die volk hom in sy stryd om die regte van die Afrikaner, moet steun – genl. Hertzog. As dit stil was, is dit rondom die naald nou soveel stiller. Hy, die generaal uit die vryheidstryd wat hulle nou ook in die politieke stryd lei, na hóm wil hulle luister . . .

„Generaal De Wet, vriend, 'n naam wat twintig jaar gelede weerklink het, in die ore van die ganse wêreld nie omdat hy dit gewil het nie – niks was ons groot held vreemder as reklame nie . . . Die groot figuur van Christiaan de Wet staan onuitwisbaar in die geskiedenis . . . Onder die vryheidshelde sal hy steeds onder die grootstes getel moet word . . . Sy volk en land was vir hom alles en, met 'n offervaardige liefde deur niemand oortref nie, het hy alles wat hy kon bring, op die altaar van sy geliefde vaderland gelê. Tot in die dood getrou aan vriend, getrou aan volk, getrou aan vaderland en getrou aan homself, nooit swak, nooit ru, altyd standvastig, altyd die edelman. Deur al die geslagte en deur alle tye heen sal hy die inspirerende voorbeeld wees van ons Suid-Afrikaanse volksvryheid . . . Vriend, rus na u stryd, rus naas hom,

u President, wat u so trou en dapper beskerm het in die dae van stryd; rus aan die voete van die vrou en kind van Suid-Afrika, wat met u, alles feil gehad het vir die volk en vryheid."

## 2

Gisteroggend het ons daar vertoef waar hulle hom in die graf weggelê het. Dit was gepas, want dit is vanjaar presies vyftig jaar gelede dat Christiaan de Wet ons op 67-jarige leeftyd ontval het. Maar laat ons na sy wieg keer. Moontlik is daar in sy afkoms of in sy familie- en gesinsagtergrond 'n kern aanwesig wat sy ontluikingsmoontlikhede as krygsgenie verseker het.

Maar hoe verder 'n mens sy stamboom tot in sy Europese wortels terugvoer, hoe minder is daar spore van enige militêre tradisie of -ervaring. Die teendeel is eerder die geval. Ons word na die wêreld van die kuns gevoer. Die spoor van die De Wet-geslag lei ons aan die begin van die 17e eeu na Jacobus de Wet, 'n kunsskilder van Haarlem, wie se seun, ook Jacobus hom in sy voetspore gevolg, maar hom in Amsterdam gaan vestig het. Hy het ook in Engeland hoë aansien geniet en een van sy skilderye van Jacobus II pryk vandag nog in Windsor-kasteel. Sy twee seuns het tot die diens van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie toegetree, waarvan die één, ook 'n Jacobus, die stamvader van die De Wets in Suid-Afrika geword het. In 1893 het hy hom as amptenaar aan die Kaap gevestig; die guns van goewerneur Willem Adriaan van der Stel gewen wat grond aan hom toegeken het, en in 1708 besluit hy om sy vryburgerskap aan te vra en langs die Liesbeeckrivier te gaan boer.

Vir die volgende vyf geslagte sou die seuns van die De Wet-familie waaruit genl. De Wet spruit, hulle op die boerdery rondom die Kaap toelê. Die generaal se grootvader, Johannes Marthinus de Wet, het op die bekende Caledonse plaas, Boontjieskraal, geboer waar Christiaan de Wet se vader, Jacobus Ignatius, gebore is. In die veertigerjare het hy met sy eggenote, Aletta Susanna Margaretha Strydom, na die oosgrens verhuis. Hy verlaat in 1852 sy plaas in die Aliwal-Noord-distrik om hom op die plaas Leeukop in die distrik Smithfield te gaan vestig. Toe was dit nog Britse gebied, maar op 23 Februarie 1854 is die Britse vlag gestryk, en op 7 Oktober van dieselfde jaar van die geboorte van die Vrystaatse Republiek is Christiaan Rudolph de Wet gebore.

Al die stamvanne van genl. De Wet se stamboom, voer ons net terug na boere en nogmaals boere. In enkele gevalle was daar amptenare en vaklui, maar nêrens die invloed of bloed van 'n kryger nie. Ons soek tevergeefs . . . 'n Christiaan de Wet se krygsvernuf en -talent was uit homself – 'n gawe van God aan hom alleen gegee.

## 3

Haastig, ongeduldig, by tye self rusteloos – so het hulle wat genl. De Wet geken het, hom dikwels beskryf. Haastig, ja, as arbeidspligte op die plaas of sy volk sy dienste vereis. Ongeduldig, grensloos ongeduldig wanneer die Britse imperialis sy tande vir die weerlose Republieke begin wys; òf wanneer die Hollandse taal in sy eie staat, dreig om deur die Engelse taal verstik te word. Ook rusteloos as gevaar dreig, of sommer om maar net op een plek te bly woon, want hy het 'n lewenslange onvermoë getoon om hom blywend op dieselfde plaas te vestig.

Tot en met die Britse anneksasie van Transvaal het hy saam met sy vader op sy plaas Nuwejaarsfontein geboer. Die plaas was digby Dewetsdorp geleë, die dorp wat deur sy vader gestig en na hom vernoem is. Asof hy die naderende botsing met die Rooibaadjies aanvoel, verhuis hy noordwaarts – na Vaalbank in die Vredefortse distrik. Slegs vir 'n wyle, want toe val die keuse op Weltevrede in die distrik Kroonstad vanwaar hy die protesvergaderings teen die voortgesette Britse besetting van Transvaal gaan bywoon. Vóór die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog verhuis hy Transvaal toe, na die distrik Heidelberg, en die plaas Rietfontein. By Paardekraal sou hy saam met Paul Kruger en ander ook sy klip aandra en opstapel as teken dat hy saam met hulle bereid was om die hoogste offer te bring as die herstel van hul onafhanklikheid dit vra. Toe kommandant Nicolaas Smit by Amajuba uitroep: „Julle wat nie lafaards is nie, volg my!" was Christiaan de Wet op daardie gedenkwaardige 27 Februarie 1881 één van die eerstes wat die kruin van die berg bereik het.

Ná die oorlog verhuis hy weer eens, dié slag na Suikerboskop in die distrik Heidelberg waar hy ook as lid van die Volksraad verkies word. Hy woon net een sitting in Pretoria by voordat hy sy vader se plaas, Nuwejaarsfontein, in die Vrystaat koop en daarheen verhuis. Ook hier geniet hy die vertroue van sy medeburgers

en word tot Vrystaatse Volksraadslid verkies. As Jameson en sy stropers Transvaal binneval, haas De Wet hom met sy Mauser na Transvaal, maar te laat, want die gemene klug is reeds verby.

Weer soos tevore, toe die gevaar vir Transvaal begin dreig, verhuis hy noordwaarts – dié keer na Rooipoort in die distrik Heilbron. Van hier trek hy met sy drie seuns op 11 Oktober 1899 weg met die uitbreek van die Oorlog, om kort na 31 Mei 1902 daarheen terug te keer en dit in volslae puin te vind. Vóór die uitbreek van die Rebellie verhuis hy na Allanvale, 'n plaas in die Memeldistrik. Ná die Rebellie na Puntjiesfontein in die Edenburgdistrik en kort daarna vir laas na sy sterfteplaas, Klipfontein, naby Dewetsdorp. Oor 'n tydperk van vyftig jaar sou 'n tiental plase die bakens van sy rusteloosheid word.

## 4

De Wet **op** Fleur. Só word hy deur Coert Steynberg se standbeeld voor die Ou Raadzaal in Bloemfontein aangrypend versinnebeeld. Maar genl. De Wet sou die eerste wees om protes aan te teken: „Dis nie ek **op** Fleur nie, maar ek **en** Fleur!"

Sowat 'n maand vóór die uitbreek van die oorlog gee hy aan sy oudste seun, Kotie, opdrag om vir hom vir die naderende stryd 'n ryperd te gaan koop. In die distrik Bethlehem het hy hom gevind en dertig goue ponde vir hom betaal. „Fleur was toe agt jaar oud," vertel Kotie, „sterk gebou, besonder geskik onder die man, vas aan die toom, het maklik gery, nooit geskrik of weggehardloop nie, en waar sy ruiter afklim, bly hy staan of wei daar geduldig rond."

De Wet was hoog in sy skik met Fleur. Hy het net één bedenking gehad: „Maar Kotie, my kind, soek jy my dood. Die Engelse sal my witperd glad te maklik raaksien en doodskiet." Min het De Wet geweet toe hy as gewone burger van die Heilbronse kommando in Oktober 1899 opgeroep is, dat hy en hierdie selfde witperd onsterflike roem sou behaal.

In menige doodsgevaar is 'n noue band gesluit tussen ruiter en ryperd wat met die verloop van die oorlog al hoe hegter sou word. Onder die geknetter van kleingeweervuur en die gebulder van kanonne het Fleur kalm gebly. Altyd was hy, selfs in die kwaaiste gevegte, met sy weergalose vegsman op die voorpunt, en dit terwyl die vyand geweet het wie se perd die witperd is.

Dikwels het genl. De Wet één van sy handperde, o.a. Dapper, gery om Fleur te laat rus, maar as hy die oggend opdrag gee dat Fleur opgesaal moet word, het die burgers klaar geweet dat daardie dag weer met die vyand 'n woeste potjie geloop sou word. Dit het ook dikwels gebeur dat Fleur twee dae en twee nagte onafgebroke onder die saal was, maar moeg word was min. Dit was asof hy ook met dieselfde vaderlandsvuur en geesdrif as sy baas besiel was, asof hy honger en dors en afgematheid blymoedig verduur het vir die saak waarvoor hy en sy baas te velde was.

Genl. De Wet het die feit nie versluier nie dat hy die Here telkens in sy gebede gesmeek het om sy ou ryperd te spaar. Ná afloop van die oorlog het Fleur op De Wet se plaas, Rooipoort, digby Koppies, genadebrood geëet, maar terwyl genl. De Wet saam met genls. Botha en De la Rey na Europa is om fondse vir die weduwees en wese van die oorlog in te samel, het Fleur aan die droes beswyk. Daar word vertel dat daar by die ontvangs van hierdie treurige nuus, trane in sy oë opgewel het.

„Fleur, hy was 'n perd uit duisend," het genl. De Wet in sy oorlogsherinneringe geskryf, „ek sal sy weerga nie weer sien nie. Dwarsdeur die oorlog het hy met my gegaan. Hy het nooit gefeil nie. Hy het my onder die koeëls in die posisie gebring. Hy het my onder die koeëls weer daaruit laat kom . . . my troue Fleur."

## 5

Laat ons vanoggend by die enkele maar ook allesoorheersende vraag stilstaan: waaroor het die stryd tussen Boer en Brit vir genl. De Wet gegaan? Of as ons die vraag in verdere vrae sou opbreek: Waarom het hy as burger by die Boerekommando's aangesluit? Waarom het hy die veggeneraalskap en uiteindelik die hoofkommandantskap van die Vrystaatse magte aanvaar? Waarom wou en het hy die stryd tot sy bitter einde gevoer?

Ons sou baie antwoorde op hierdie vrae kan verstrek, maar laat genl. De Wet dit in sy eie woorde stel. In sy oorlogsboek, *De Strijd tusschen Boer en Brit*, skryf hy: „Hierdie oorlog kon deur ons – dit het ons van die begin af geweet – na gewone menslike berekeninge nie voortgesit word nie. Ons kon dit onmoontlik doen met die oog op ons nietigheid en die vyand se oormag. Desnietemin beheers ons van die begin af die gevoel dat 'n man geen man is, as hy sy goeie reg nie verdedig nie. Ons was ook daarvan oortuig

dat die Afrikanervolk, hoewel byna bandeloos ten aansien van gebrek aan dissipline in oorlogstyd, tog 'n volk is in wie die onafhanklikheidsgedagte hom diep gewortel het. Dié volk was derhalwe waardig om ooreenkomstig republikeinse beginsels te bestaan, nieteenstaande die feit dat die Britse regering hom steeds beywer het om sy vrye bestaan te belemmer."

En op 'n ander plek lees ons dit: „Die oorlog is 'n geloofsaak. As ek dit nie in die geloof kon doen nie, sou ek nooit die wapens opgeneem het nie. Laat ons weer ons verbond met God vasmaak. Wanneer ons die oog vestig op die verlede, dan het ons meer grond vir geloof as wat ek ooit verwag het; dan het ons grond om in vertroue voort te gaan. Die hele oorlog was 'n mirakel gewees en sonder geloof sou dit kinderspel gewees het om die oorlog te begin . . .

„Ons hulp en redding moet alleen van Hom kom en dan sal ons ook nie trots wees nie. Ek kan die toekoms nie sien nie, maar dit weet ek dat agter my lig is. Wat vóór my lê, weet ek nie. Daar is dit donker, maar ons moet voortgaan om op God te vertrou. As die oorwinning dan kom, sal ons nie trots wees nie.

„My volk moet 'n volk wees wat God vrees!"

## 6

Genl. De Wet het by herhaling beweer dat sy sukses op die slagveld uitsluitlik aan die werk van sy uitmuntende verkenners toegeskryf moet word. Onder hulle tel die vermaarde Danie Theron en die ewe-beroemde Gideon Scheepers; ook sy eie seuns en die bekende Richter-broers en -neefs om maar enkeles te noem. In sy werk *De Strijd tusschen Boer en Brit* swaai hy voortdurend aan hulle lof toe. Maar laat ons uit die mond van Barry du Plessis, één van sy baasverkenners, verneem wat hy van sy generaal getuig:

„As bewys van my geloof en vertroue in die onbevlekte patriotisme en onoortreflike krygsmanskap van die geliefde en geëerde generaal het ek hom gevolg deur dik en dun, selfs tot in die gevangenis. By die Vrystaters was dit altyd: ‚Wat sal President sê?' en ‚Wat sal Generaal maak?' Hy was 'n man van dade – die generaal.

In sy diens as verkenner, rapportryer en sekretaris en ook bevoorreg as intieme vriend, het ek hom van naby geken en aanskou

onder alle omstandighede . . . , en vandaar my oortuiging dat onder gelyke omstandighede en met dieselfde gegewens niemand hom kan oortref nie. Alleen die noodsaaklike vereistes van die Albestier kon sy doel 'n wending gee of dit weerhou. 'n Groot man met 'n groot gees.

Elke oomblik gereed om sy lewe te gee vir sy volk en vaderland, was sy lewe ook daaraan gewy. Eenvoudige boer en tog tuis in die hoogste kringe. Oningewy en tog kon hy 'n Kitchener op die vingers tik oor etiket in offisiële korrespondensie. Ongeletterd en tog tuis in die wette van sy land. 'n Krygsraad sonder genl. De Wet was onvolledig. Dié groot gees het alles aangepak op 'n groot skaal.

Om sy krygsmanskap reg te verstaan, moes 'n mens saam met hom gaan . . . Self 'n burger, het hy sy burgers verstaan. Saam met hulle geslaap, saam pap geëet, saamgetrek, saamgeveg. Hy het in hul harte geleef. Hy het hul vertroue gehad. 'n Held in die volste sin van die woord, het hy sy burgers geïnspireer met heldemoed. 'n Arendsoog wat dwarsdeur 'n man kyk. Vir hom het niks ontglip; 'n wil so vas as 'n rots, en met 'n grondige kennis van sy land en 'n helder geheue, het hy gou besluit en vinnig beweeg. Vindingryk: sy planne het tred gehou met die vinnigste ontwikkeling van sake. Hy was lewendig en hy sal leef in die hart van elke Afrikaner."

## 7

Uit die mond van een van sy voortreflikste adjudante, Lukas Coetzer, verneem ons hoe hy sy generaal leer ken en waardeer het:

„Ek kan nog goed onthou hoe oom Chrisjan gelyk het toe ek hom as 'n seun van elf jaar die eerste keer gesien het. Ons plaas was nie ver van sy plaas Rooipoort geleë nie. Hy het swart hare gehad en 'n swart baard wat hy kort geknip gedra het. Ek meen dat hy nie veel langer as vyf voet ses duim was nie, maar hy was fris gebou met breë vierkantige skouers; 'n sterk, byna hoekige gesig, en 'n groterige neus. Wat 'n mens dadelik opgeval het, was die lewendige swart oë met altyd iets ondeunds daarin.

As penkop het ek by die Heilbronse kommando aangesluit toe die oorlog uitbreek, en as één van oom Chrisjan se eerste rapportryers opgetree. Aan die Natalse front en kort daarna het ek tot

CARNEGIE BIBLIOTEEK
U.S.

die bitter einde saam met hom die soet en suur van die oorlog deurgemaak. Hy het my ook as één van sy vyftien adjudante aangestel.

Oom Chrisjan was 'n saggeaarde man en dwarsdeur die oorlog het ek hom geken as iemand wat selfs onder die haglikste omstandighede opgeruimd en hoopvol was. Hy het 'n aansteeklike sin vir humor gehad en was lief om 'n ander 'n poets te bak en sy burgers moes dit dikwels ontgeld. Nooit het ek hom moedeloos gesien of hoor sê: ,Ek wens die oorlog is al verby,' of iets van die aard nie.

Hy was van nature 'n haastige man, by uitstek 'n man van die daad, maar ek kan my geen voorval herinner waar die generaal oorhaastig of blindweg opgetree het nie. Hy het onteenseglik 'n sterk invloed op mense uitgeoefen en ek glo dat sy burgers vir hom baie lief was. Hy was streng, ja, en kon dit nie duld dat 'n man wat onder hom veg, bang moes wees nie. Self het hy nie 'n bang haar op sy kop gehad nie . . .

Op kommando het die generaal meestal 'n grys rybroek met rooibruin kamaste en 'n gewone baadjie met onderbaadjie, das en boordjie gedra, en daarby 'n baie gewone valerige Boerehoed wat nie aan die een kant opgeslaan was nie. Sy wapen was sy rewolwer wat hy by hom gedra het. Ek het hom nooit met 'n geweer gesien nie, behalwe aan die begin van die oorlog in Natal toe hy kommandant was.

Die generaal was ook diep godsdienstig. Hy het op kommando dikwels vir sy burgers godsdiens gehou en ek kan my nie voorstaan dat ek ooit 'n lelike woord of vloekwoord uit sy mond gehoor het nie . . . Sy land en volk was vir hom alles. 'n Gesegde wat ek hom dikwels hoor gebruik het as aansporing vir sy burgers toe dit met ons begin sleg gaan het, is: ,Burgers onthou, 'n vrou kan jy altyd kry, maar as jy jou land verloor het, kry jy hom nooit weer nie.' Ek is daarvan oortuig dat as die Boere besluit het om nog tien jaar te veg, genl. De Wet sou aangehou het."

## 8

Dit is eintlik onbillik om één van genl. De Wet se talle verkenners en adjudante bó die ander as die dapperste en voortreflikste te kies. Diegene wat vir Barry Richter geken het, sal waarskynlik nie beswaar maak as hy wel uitgesonder word nie. Onder genl. De

Wet se sowat twintig persoonlike verkenners en adjudante was daar nie minder nie as vier Richters. Die ouer Barry en sy twee seuns en nog 'n broer van die ouer Barry.

Dit is miskien nie so algemeen bekend nie, maar net soos Danie Theron het ook Barry Richter van buite af, die omsingelde laer van genl. Piet Cronjé by Paardeberg met 'n dringende boodskap besoek. Ruim tien dae vóór Cronjé se oorgawe op Amajubadag 1900, het genl. De Wet 'n bres geslaan waardeur Cronjé en sy 4 000 burgers kon ontvlug. Ongelukkig was dit bewolk en Cronjé se laer so toe onder die rook en stofdampe, dat genl. De Wet hom nie met die heliograaf die werklike toedrag van sake kon laat weet nie. Die twintigjarige Barry Richter is toe gekies om sowat 'n anderhalfmyl na Cronjé se laer aan die Modderrivier te jaag en hom die posisie te verduidelik. Ten spyte van die gaping was dit nietemin lewensgevaarlik om helder oordag die taak uit te voer. Maar dit was tevergeefs, want die hardkoppige Cronjé was nie te beweeg nie. Onverrigtersake moes Barry teen skemer die aand weer deur die gaping jaag, en die teleurstellende tyding aan genl. De Wet oordra.

As Barry Richter dapper was, dan was hy ook 'n opperste platjie. Op 'n keer toe genl. De Wet die goedbewaakte spoor tussen Koppies en Vredefortstasie moes oor, het Barry met sy sestien penkoppe dadelik aangebied om die drade in die nag te gaan knip om die generaal se oortog te verseker. Alles het volgens plan verloop, maar om één of ander rede het die Tommies, ten spyte van die verskriklike geraas wat die leë blikkies aan die geknipte drade gemaak het, nie gevuur nie.

Nadat hulle 'n bult verder uit is, kom Barry ewe skoorvoetend by genl. De Wet aangery met die versoek of hulle nie kan teruggaan en een van die klipblokhuise by die spoor stormloop nie. Die enigste rede wat hy aanvoer, is dat hulle rookgoedjies op is. Die generaal is in 'n goeie bui en stem toe. Met 'n stuk of agt man word reg op 'n blokhuis afgestorm. Sowat 25 tree van die blokhuis begin die kakies op hulle losbrand. Al wat Barry skreeu is: „Storm!", en binne 'n ommesientjie bevind hulle hul almal teen die mure van die blokhuis sonder dat daar vanuit die skietgate bo op hulle geskiet kon word. „Surrender!" bulder Barry van buite af, maar toe die antwoord negatief is, laat hy dadelik van hom hoor: „Alright, we'll try a load of dynamite!" Die bluf werk en spoedig word die swaar ysterdeur oopgemaak. Eén vir één kom gee die stuk of vyftien Tommies in die blokhuis hul oor – die een hand in die lug en met die ander word die geweer aangebied. Al wat Barry te sê gehad het, is: „Damn the rifle, give me a cigarette."

# 9

Die verhaal van hoe die baasverkenner van genl. De Wet, die onvergeetlike Danie Theron, deur die vyandelike linies gekruip het om 'n dringend-noodsaaklike boodskap aan die vasgekeerde genl. Piet Cronjé by Paardeberg af te lewer, is miskien oorbekend. Maar omdat dit in sy uitvoering as één van die heldhaftigste insidente van die Driejarige Oorlog, klassiek geword het, laat ons dit nogeens uit genl. De Wet se eie pen verneem. Dit is trouens deur genl. De Wet se toedoen dat hierdie verhaal vir ons as 'n blywende inspirasie opgeteken staan.

„(Genl. Cronjé bly met vierduisend burgers vasgekeer.) Maar ek wou die saak nog nie gewonne gee nie.

Danie Theron, die alombekende en onvergeetlike kaptein van die rapportryers het die vorige dag saam met 'n versterking gekom. Ek vra aan hom of hy nie 'n mondelinge rapport na genl. Cronjé wil neem nie – 'n skriftelike kon ek nie waag om te stuur nie uit vrees dat dit in die hande van die vyand sou val.

Die antwoord wat ek van 'n held soos Danie Theron kon verwag, klink dadelik, fier en duidelik: ‚Ja, Generaal, ek sal gaan!'

Dit was 'n waagstuk wat ek aan hom voorstel om te doen soos wat in ons ganse bloedige stryd nie oortref sou word nie.

Ek neem hom toe alleen eenkant toe en sê toe aan hom dat hy aan genl. Cronjé moes gaan sê dat ons hele saak daarvan afhang dat hy met sy duisende burgers moet uitkom, en dat, indien hy in die hande van die vyand sou val, dit aan ons 'n nekslag sou gee. Ek het 'n weg voorgestel hoe hy kon uitkom. Hy moes naamlik die laer met alles daarin in die steek laat en in die nag vir hom 'n pad oopveg, waar ek op 'n sekere plek op twee punte hom tegemoet sou kom, en vanwaar ek dan die Engelse sou verhinder om hom te agtervolg.

Danie Theron het onderneem om deur die linies van die vyand te gaan en die boodskap aan genl. Cronjé af te lewer.

Hy is die nag van die 25ste Februarie van my weg. Die volgende nag is ek na die plek wat ek met genl. Cronjé afgespreek het, maar tot my groot teleurstelling daag hy nie op nie.

Die môre van die 27ste Februarie was Danie Theron weer by my. Hy het 'n daad verrig wat ongeëwenaard is in ons oorlog. Hy het tussen die wagte van die Engelse deurgekruip, heen en terug. Sy broek was aan flarde soos dit met die kruip geskeur het, ja, die bloed loop van albei sy knieë waar die vel afgeskaaf was. Hy deel

my mee dat hy genl. Cronjé gesien het en dat dié aan hom gesê het dat hy geen voordeel kon sien in die plan wat ek aan hom voorgestel het nie.

Om 10-uur dieselfde dag gee genl. Cronjé oor.

Bitter was my teleurstelling."

Hierop kan ons net byvoeg: Danie se daad was miskien tevergeefs, maar sy roem en die inspirasie: onsterflik.

## 10

„My verkenners was my oë en ore." So het genl. De Wet ná die oorlog op sy kort en kernagtige manier hulde gebring aan diegene wat haas elke oomblik van sy krygsmansvernuf en krygskuns afhanklik was.

Onder hierdie verkenners was die jong Melt van Schoor – 'n tipiese boereseun wat reeds op jeugdige leeftyd hom vir sy betroubaarheid, ferme optrede, dapperheid en planrykheid onderskei het. Die vinnige oog van genl. De Wet het Melt van Schoor se militêre gawes gou raakgesien en hom feitlik as penkop tot kaptein bevorder om 'n verkennerskorps vir sy kommando tot stand te bring. Sy dienste aan genl. De Wet was onberekenbaar. Deur sy uitstaande en betroubare verkenningswerk het die generaal inligting aangaande die vyand se bewegings en hul sterkte ontvang wat grootliks tot sy oorwinnings en merkwaardige ontsnappings bygedra het.

Van hom het genl. De Wet gesê: „Melt van Schoor het oor en oor die rang van generaal verdien, maar onder omstandighede ag ek sy dienste as leier van die verkennerskorps eenmaal onmisbaar. As leier van die spioenasiediens kan en doen hy veel meer as wat hy byvoorbeeld as generaal met 'n eie kommando sal kan doen. Met kaptein Van Schoor as verkenner aan die voorpunt is daar geen gevaar nie, en slaap ek houtgerus."

Met die roemryke slag van Rooiwal was dit Melt van Schoor wat die spoorlyn in die rigting van Heuningspruit moes opblaas om vyandelike versterkings per trein te voorkom. Die spoorlyn was goed bewaak en derhalwe 'n uiters gewaagde onderneming. Maar dit het geslaag en genl. De Wet in staat gestel om na 'n kort skermutseling sowat 'n halfmiljoen Rand se proviand en ammunisie by Rooiwalstasie in vlamme te laat opgaan.

Ook met genl. De Wet se inval in die Kaapkolonie, wat weens die oormag van die vyand nie wou vlot nie en die gevaar ingehou het om teen die Oranjerivier, wat in vloed was, vasgekeer te word, het Melt van Schoor en sy verkenners die posisies en swak plekke van die aanrukkende kolonnes soos speurhonde uitgeruik en aangedui. Toe die opgewondenheid in die Britse kampe begin oplaai dat De Wet eindelik in die net vasgekeer is, is hy uit op daardie plekke wat Van Schoor en sy verkenners vir hom aangedui het.

By Groenkop waar die Britse mag op Kersfeesmôre 1901 op egte Amajuba-styl van die kop verdryf is, was dit weer die verkenningswerk van Melt van Schoor wat die waagstuk 'n klinkende oorwinning gemaak het.

By Graspan, naby Reitz, toe 'n hulpelose vrouelaer deur die Engelse kanonne gebombardeer en tot oorgawe gedwing is, is hy swaar gewond, maar hy het herstel om die bitter einde van die stryd te smaak. Met die uitbreek van die Rebellie was hy weer saam met genl. De Wet aan die voorpunt en het hy toe die welverdiende rang van generaal uit die hand van sy geliefde generaal ontvang.

## 11

Van al die Boeregeneraals en met uitsluiting van pres. Steyn, het geen ander hom só sterk en só dikwels uitgespreek oor die rol van die Boerevrou gedurende die Driejarige Oorlog nie.

In sy boek *De Strijd tusschen Boer en Brit* stel hy self die vraag: „En die Boervrou – gee sy moed op? Geensins, want toe die oorlog teen haar en teen die besittings van die boer begin, begeef sy haar op die bittere vlug om tog uit die hande van die vyand te bly. Met die doel om nog iets vir haarself en haar kinders te behou, laai sy die waens met graan en met die nodigste meubels. As 'n kolonne 'n plaas nader, selfs in die nag, of in alle wind en weer, moes menige jong dogter die tou van die span osse neem en die moeder die sweep. Menige knappe, welopgevoede dogter ry te perd en dryf die vee aan om sodoende so lank as moontlik uit die hand van die vervolgers te bly, en nie weggevoer te word na die konsentrasiekampe wat die Engelse *refugee-* of toevlugskampe genoem het. Hoe vals tog! Kon iemand voor die oorlog ooit dink dat die twintigste eeu sulke barbaarshede kon oplewer?"

In sy boek is genl. De Wet se woorde nog bitter, maar as hy sowat tien jaar later by die Vrouemonument se onthullingsplegtig-

heid na vore tree om te praat, is dit 'n man van berusting as hy oor die rol van die Afrikanervrou praat. Pres. Steyn het die toeskouers vooraf versoek om die hele inwydingsplegtigheid as 'n roudiens vir die afgestorwe 26 000 vroue en kinders te beskou en gevra om alle toejuiginge te laat. Maar toe genl. De Wet opstaan om sy rede te hou, het die reuse skare rondom die naald hom spontaan begin toejuig. Hy begin deur na die vorige dag se storm en daardie dag se stilte te verwys, en dan vervolg hy . . .

„Na al die storms wat die vrou deurgegaan het, is daar vandag stilte, die stilte van die graf. 'n Volk kan alleen opgebou word deur die vrou. As die kinders die tradisies van die voorouers vergeet, sal die volk verlore gaan . . . Die oorsprong, die grondslag van die Hugenote, was die egte ware godsdiens, dit was die leidraad vir 'n volk. Gedurende die oorlog het ek en my kommando's dikwels die gesange en psalms uit die kampe verneem. Dit was die bewys van Waarop en op Wie hulle bou . . . Ek ontken nie dat die Afrikanervolk sedert die oorlog op 'n wonderlike wyse herstel en vooruitgegaan het nie, maar die vraag is of ons volk op die *regte* wyse vooruitgegaan het. Daar ís so iets soos vormgodsdiens, en as ons hierdie weg volg, sal my volk na die graf daal. Dog, as ons aan die beginsel van 'n opregte godsdiens vashou, hoef ons niks te vrees nie. My wagwoord aan elke moeder, aan elke jong dogter en elke kind van my volk is: wees u volk en godsdiens getrou . . . Mag God ons genade gee om die beloftes van ons vaders na te kom en daaraan getrou te bly."

## 12

Aan sy troue eggenote wat hom sy hele lewe só lojaal bygestaan het, het genl. De Wet eenmaal grappenderwys gesê: „Vrou, ek dink dat ek jou nie langer ‚jou' en ‚jy' moet aanspreek nie, maar vir jou voortaan ‚u' moet sê, want dit verdien jy."

Die hoë agting wat die generaal vir haar gehad het, spruit uit 'n lewenslange verbintenis, waartydens geestelike wanklanke of onmin volkome afwesig was. In alles wat hy aangepak het, het sy hom met hart en siel bygestaan.

Cornelia Margaretha Kruger, 'n Vrystaatse dogter, het op 17-jarige leeftyd met Chrisjan de Wet, toe 19 jaar oud, in die huwelik getree. Sy was in alle opsigte 'n merkwaardige persoonlikheid, 'n tipiese produk van die Voortrekkergeslag wat haar onmiddellik voorafgegaan het, 'n natuurkind, gehard en gestaal in die stryd van

die lewe. In al haar doen en late was sy beslis en doelgerig. Vir die vryheid van haar volk en vir reg en geregtigheid het sy die grootste ontberinge gely en moes herhaaldelik groot offers bring.

Toe die oorlog uitbreek, moes sy met haar agt kinders – drie seuns was reeds op kommando – van die plaas vlug, wat later deur die vyand op 'n skreiende wyse verniel is. Ook in die veld is sy deur die Engelse agtervolg en op 'n keer ingehaal met die versoek dat £10 000 aan haar gewaarborg sou word, indien sy genl. De Wet sou oorhaal om die stryd prys te gee. Hierdie pure Afrikanervrou het net één antwoord gehad: „Ek weier om so 'n gemene ding te doen. Ek sit liewer met my kindertjies agter 'n doringboom as om daaraan te dink om van die bloed van die martelare wat reeds gesneuwel het, vir my 'n skans te maak."

Uiteindelik is sy en haar kinders tog gevange geneem en op 'n ruwe wyse na Johannesburg weggevoer. Daar het sy in 'n eenvoudige woning agt maande rustig gewoon maar botweg geweier om haar rantsoen aan voedsel te gaan haal omdat sy niks uit die hand van die vyand wou ontvang nie. Maar vriende het vir haar help sorg. Britse offisiere en haar verraaier-swaer, Piet de Wet, sou haar hier ook probeer omhaal om vir genl. De Wet te oorreed om die wapen neer te lê.

Die laaste tien maande van die oorlog moes sy in die konsentrasiekamp op Pietermaritzburg deurbring. Toe Kitchener dreig om die Boereleiers wat die stryd voortsit, lewenslank te verban, is 'n versoekskrif deur wankelmoedige vroue in die kamp opgestel om hulle mans te smeek om die stryd te laat vaar. Toe 'n paar vroue Cornelia de Wet nader om die stuk te teken, het sy dit heel kalm opgevou en aan stukke geskeur. Vir haar kloeke daad het sy van die leedvermakerige Kitchener 'n brief ontvang dat sy en haar kinders binne 'n paar dae verban sou word. Daarvan het niks tereggekom nie.

Toe die kampkommandant later aan haar vra of sy na die vredesaankondiging wou kom luister, was haar fiere woorde: „Ek het liewers gesien dat my man se graf daar," en sy wys op die grond voor haar, „gegraaf was, as dat die wapens neergelê sou word."

## 13

Ons herdenk vandag sy geboortedag. Op 7 Oktober 1854 is hy gebore – in dieselfde jaar waarin sy Republiek, vir wie se onafhanklikheidsbehoud hy sy alles opgeoffer het, tot stand gekom het.

Wat is meer gepas op hierdie dag as om drie huldeblyke, dié van 'n Engelsman, 'n Duitser en van 'n Nederlander voor te lees:

In sy boek *Peace or War in South Africa* skryf A. M. S. Methuen:

„Dit word tyd dat 'n woord gespreek word teen die opvatting dat genl. Christiaan de Wet barbaars en eerloos is. Diegene soos ek wat in Suid-Afrika teen hom geveg en dikwels met persone in aanraking gekom het wat sy prisoniers was, moet met skaamte en verontwaardiging kennis neem van die pogings om na aanleiding van beweerde afranseling en doodskiet van vredesgesante, die karakter van 'n man swart te smeer wat dwarsdeur die oorlog by ons troepe in die veld die reputasie dra dat hy nie net 'n dapper soldaat is nie, maar ook 'n mensliewende en eerwaardige heer. Ons mag die desperate hardnekkigheid van sy verset betreur, maar ons plig en taak is om dit te oorkom deur hom op die slagveld te breek. Ons wen niks en verloor slegs aan selfrespek deur hom te beswadder."

Oskar Hintrager, die Duitser, skryf in sy oorlogsherinneringe:

„Ek skat my gelukkig dat ek hierdie man leer ken het, onder hom geveg en sulke groot dinge beleef het. So dikwels as wat ek in sy teenwoordigheid was, het ek steeds die gevoel: Dit is waarlik 'n groot mens . . . , na vore gebring en gegroei deur die grootsheid van omstandighede en van die strewe en die drang van die noodwendigheid. Hom sal die Engelse nie oorwin nie, nie vang en nie buig nie . . . Sy verdienste is bo alles om die Boere uit hul traagheid wakker te skud, en hulle langsamerhand die ware betekenis van die stryd bewus te maak . . . Hy sal die Washington van Suid-Afrika word."

Dr W. van Everdingen, die Nederlandse historikus, het by De Wet se afsterwe die volgende geskryf:

„Daar is geen figuur uit die Boereoorlog so bekend as De Wet nie, niemand wie se romantiese avonture hom meer tot 'n held, tot 'n aanvoerder, tot 'n ontsagwekkende persoon stempel, na wie die verering van sy volgelinge so onvoorwaardelik uitgaan as na oom Chrisjan nie. ‚The flying Dutchman', 'The daring beggar' aan wie die Britse teenstanders graag hulde bring as die lojale vyand. De Wet was 'n veldheer by Gods genade, nie te vergelyk met 'n Hindenburg, 'n Foch of 'n Haig, dog 'n volstrek-enige bevelhebber onder die talle groot manne wat die stryd van die luttele Boere teen die oormatige Albion met sy tallose heërskare volgehou het . . . Eenvoudig en sober, onversetlik en koen, gelowig en kinderlik vertrouend in die beleid van sy ‚Vader', pres. Steyn, het hy Vrystaters, Transvalers en Kapenaars besiel met

sy magtige geloof in hul onafhanklikheid . . . In die geskiedenisboeke van die Dietse stam sal die naam van Christiaan de Wet met goue letters geskryf word."

## 14

Oor genl. De Wet as spreker heers daar meningsverskil. Terwyl sommige aanvoer dat hy geen vloeiende spreker of besonder wel ter tale was nie, hou ander weer vol dat hy 'n mens intens geboei het. 'n Vrystaatse Volksraadslid het eenmaal verklaar: „Van die geleerde mense is Abraham Fischer die beste spreker en van ons ongeleerdes is Christiaan de Wet die beste spreker." 'n Omhaal van woorde was daar nooit. Wat hy te sê gehad het, was reguit en op die man af. Soos sy dade so was sy woorde en Jan F. E. Celliers het dit raak saamgevat: „Eén doel, één daad, één pad – reguit net – Christiaan de Wet." Die feit dat hy effens met die tong gestoot het, het sy boeiendheid as spreker verhoog. Hoe dit ook al sy, as genl. De Wet praat, het een en almal na hom geluister.

Een van sy weinige toesprake wat vir ons behoue gebly het, is op 28 Julie in die veglaer aan die Vaalrivier gelewer. Dit is kort en kragtig en handel in hoofsaak oor die hensoppers wat hulle bedink en weer by die kommando's kom aansluit het:

„Vriende, reeds het ons baie van hulle gevind, en mag ons nog meer van hulle vind. Trek hulle by die hare na ons toe. Almal moet weer met ons saamveg. Sommige sê dat hierdie mense gestraf moet word. Broers, elkeen het 'n gewete en dié slaap wel soms, nie waar nie? Maar by diegene moes hul gewete seker wakker geword het. En nou vind ek, broers, dat hulle al genoeg las sal hê van hul ontwaakte gewete en van gewetenswroeging. Want ek stel my die hel, waarvan die Bybel spreek, nie anders voor as gewetenskwelling nie. Nou is ons wel almal sondaars, dog 'n sonde soos landsverraad sal ek geen dag lank kan dra nie! Daarom, broers, laat ons God dank dat hul gewete weer ontwaak het."

„Maar, broers, elke man wat nou weer na ons kom, moet bly tot die einde. Trou moet hy wees, trou en rein van gewete. Maar as dit geen aansporing genoeg is om te volhard nie, dan moet ek aan u sê dat daar 'n proklamasie bestaan wat elke burger as hy wegloop, met die dood straf. Eénmaal sal ons genade skenk, dog 'n tweede maal nie. Ek sal die eerste wees om so 'n man in koele

bloed neer te skiet. Wie voortaan nie trou bly nie, moet doodgeskiet word."

„Want, broers, ons moet volhou. As God dit wil, sal ons veg totdat ons kinders groot geword het. Ek is die laaste wat dit verlang of glo dat dit so lank sal duur. Maar as God dit wil, dan moet dit. Dit is ons heilige plig, want ons veg vir 'n heilige en regverdige saak. Al sou ons alles verloor, dan veg ons nog voort vir ons kinders, sodat hulle vry mag woon in die land wat God aan ons geskenk het."

Toe sy slotwoorde wegsterf, het daar 'n grootse stilte geheers. Sy woorde het vasgeslaan. Die wat aanvanklik ontrou was, sou voortaan enduit trou bly, en die wat van die begin af trou was, sou saam met hulle die bittereinders word.

## 15

Ds. J. D. Kestell, later vir ons volk bekend as Vader Kestell, en wat veel van die kommandolewe saam met genl. De Wet meegemaak het, vertel:

Die kommandant van Winburg, onder wie die Senekallers was, het aan genl. De Wet groot moeite gegee. Hy wou nie saam optrek nie . . . Die generaal het hom eers verdra, maar naderhand raak sy geduld op. Hy het toe aan die kommandant gesê dat as hy nie sy bevele wil gehoorsaam nie, hy sou moet bedank, anders sou hy ontslaan word. Daar was nou geen tyd om 'n plaasvervanger op die gewone wyse deur die burgers te laat verkies nie, en genl. De Wet het toe die veldkornet, Gert van der Merwe, as waarnemende kommandant aangestel.

Toe die bevel teen sononder gegee is om op te saal, was die Senekallers sonder hul kommandant. Die Senekallers trek nou ook party vir hom, en was net so dwars as hulle voorman. Die voorste kommando's was al opgesaal en het begin wegtrek, maar die perde van die Senekalse burgers loop nog oor die vlaktes versprei. Van die voorpunt kom genl. De Wet aangery, en hy roep die burgers bymekaar. Hy bly sit op sy perd, en die burgers kom voor hom staan. Hy is woedend kwaad. Hy byt op sy tande, en deur sy tande kom die woorde sissend. Hy spreek van hulle kommandant en verseker hulle dat as hy hom in die hande kry, hy hom sou kon doodskiet. Daarna word hy kalmer, en eindelik haal hy sy hoed af. „Kom ons bid," sê hy.

Wat 'n gebed was dit uit die mond van dié man daar op die

perd! Dit roer elkeen tot op die bodem van sy wese. Elkeen voel dat die hare op sy hoof rys.

Kort is die gebed. Die burgers weet nie hoe hulle dit het nie. Genl. De Wet sit sy hoed op sy hoof, en hy ry weg sonder om 'n woord meer te sê.

En die manskappe daar?

Klompiesgewys gaan hulle hul perde vang, en spoedig is elke man in die saal, en met die ander kommando's trek hulle die nag deur. Nie onder die swakstes was hulle die volgende dag in die beroemde slag van Sannaspos nie.

## 16

Toe 'n veldkornet met twintig burgers op 'n nag na die vyand oorloop en genl. De Wet hierdie lae daad 'n paar dae later ontdek, laat hy hom soos volg daaroor uit: „Dit was vir my makliker om teen die groot leër van Engeland te veg as teen sulke laaghede onder my volk. Om teen albei te stry eis 'n ysere wil, maar selfs vir 'n ysere wil verskaf sulke dinge bittere oomblikke – beproewinge wat, soos die Afrikaanse spreekwoord lui, nie in 'n man se klere gaan sit nie."

Iets veel erger sou hom nog tref. Sy eie en bekwame broer sou hom ook aan verraad skuldig maak.

Genl. De Wet was oos van Heilbron gelaer, terwyl sy broer, genl. Piet de Wet, opdrag gehad het om by Lindley die vyand van agter af aan te val en hulle 'n knou toe te dien. In plaas van dit te doen, staan hy aan 'n paar honderd Engelse soldate 'n wapenstilstand toe, waardeur hy homself ook buite aksie stel. Hieroor was genl. De Wet woedend. Hy belê toe 'n krygsraad om sy broer se optrede te bespreek.

Net vóór die sitting begin, trek genl. De Wet sy baadjie uit, vou dit netjies op en plaas dit sowat tien tree verder daarvandaan op 'n bossie. Hierop vra één van die offisiere aan die generaal wat hy dan nou maak.

„Die wêreld is hier so vals," antwoord genl. De Wet, „dat ek my eie baadjie nie meer aan my lyf vertrou nie."

Net hierna, nadat die laer al vertrek het, en genl. De Wet saam met pres. Steyn en lede van die Regering op 'n hoë kop agterbly om die wêreld te verken, kom Piet de Wet na hom aangery en vra: „Chrisjan, sien jy nog kans om met hierdie spulletjie aan te gaan?"

Genl. De Wet vertel self: „Ek erg my op die plek en kyk hom aan. ‚Is jy gek?' roep ek uit. Ek teken die woorde aan soos ek dit gebruik het, want doen ek dit nie, dan sou dit oneerlik van my wees. Toe draai ek my om en gaan na die huis van iemand wat ons vir ontbyt uitgenooi het, nie wetende dat Piet de Wet op daardie oomblik wegry om sy eie koers in te slaan."

Piet de Wet het hom aan die vyand gaan oorgee; later 'n lang openbare brief aan sy broer gerig om, soos hy dit noem, die dwase verset prys te gee; en uiteindelik as voorste National Scout in diens van die vyand getree. Toe genl. De Wet jare later as verhoorafwagtende Rebellieleier in die Bloemfonteinse tronk sit, wou Piet de Wet hom spreek. „Die ding tussen hom en sy broer uitmaak," soos hy dit gestel het, maar 'n Chrisjan de Wet het net laat weet: „Ek het niks om aan hom te sê nie!"

Gewone hensop was vir De Wet nog verskoonbaar, maar verraad en toetrede tot die diens van die vyand was vir hom onvergeeflik.

## 17

By al sy deugde en vernuf as krygsman het genl. De Wet boonop nog oor 'n fyn en raak sin vir humor beskik. Maar dit was 'n humorsin wat nooit gemeen of ligsinnig was nie. Om die trefkrag daarvan te waardeer, moet die situasie telkens self geskets word.

So bv. vertel Johannes P. Theron, laaste sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Oranje-Vrystaat te velde:

„Een nag is ons deur die vyand met hul magte weerskante van voor en agter ons, aangedryf na die treinspoor, waar ons hul manskappe met die blote oog langs die spoor sien beweeg. Toe ons so 'n duisend of twaalfhonderd tree van die spoor kom, was genl. De Wet se bevel: ‚Klim af en slaap maar, maar hou julle perde byderhand.' Pres. Steyn was nie so gerus nie en vra my wat die generaal se plan is. Hy kon nie gaan rus voordat hy hom gaan vra het wat nou aangaan nie, want die vure was langs ons en voor is die vyand vol om ons in te wag. Die generaal se antwoord was ewe bedaard: ‚President, ken jy dan nog nie die Engelsman nie? Kyk, dit is nou tien-uur; om elfuur begin hulle kaart speel en dan drink hulle en teen drie-uur gaan hulle slaap en om vier-uur slaap

hulle so vas dat jy hulle aan die ore kan rondsleep. Dan gaan ons oor die spoor en hulle sal niks van ons weet nie. Loop slaap nou maar, President.' So het dit dan ook gebeur. Daardie oggend is ons deur sonder om 'n skoot te skiet, en dit was een van die geleenthede waar die vyand daarop gereken het dat hulle die generaal en President beslis in hul hande het."

En dan is daar die bekende staaltjie van Oskar Hintrager, die Duitse Boerevriend wat genl. De Wet 'n ruk lank op kommando vergesel het:

„Van oom Chrisjan gaan daar 'n aardige en miskien onbewuste grap in die laer rond. Vóór die slag by Bethlehem het hy vir 'n veldkornet wat sy stelling wou verlaat, 'n harde straf in die vooruitsig gestel. Tog verlaat die veldkornet sy stelling. Na die slag gee oom Chrisjan opdrag dat hy voor hom moet verskyn, en terwyl hy hom met sy sambok bykom, was sy woorde: ,Ek moet dit doen, dit spyt my, maar dit is nie De Wet wat jou slaan nie, dit is die wet'."

Dan word daar ook vertel dat toe hy drie Engelse verkenners naby Lindley gevang het, het hy hulle vryheid toegestaan met die voorwaarde dat hulle 'n belangrike rapport aan hulle bevelvoerende offisier moes aflewer. Dit het soos volg gelui: „Dear Sir, Please chain up these devils, as I catch them every day. Yours, Christiaan de Wet."

## 18

Daar in die groot markiestent by Vereeniging is dit genl. De Wet, die onvermoeide stryder, wat hartroerend en ernstig pleit dat hulle die stryd moet volhou. Was dit nie hy wat tydens die lange stryd herhaaldelik verklaar het: „So lank ek kans sien om te ontvlug en weer te veg, sal ek my nie laat gevange neem nie. Ek sal wegloop, al moet ek dit heeltemaal alleen doen. En as daar nie meer kans is om te ontkom nie, sal ek veg tot ek nie meer kan nie."

Namate die afgevaardigdes en veral dié van Transvaal één vir één die haglikheid van hul posisie geskets het, o.a. die feit dat hul voedsel en ammunisie 'n laagtepunt bereik het, die feit dat daar geen hoop op buitelandse inmenging bestaan soos hulle ver-

wag het nie, en ook die feit dat die vrouens en kinders 'n verskriklike lyding deurmaak, het De Wet met 'n sterk stem geprotesteer: „Ek het met feite niks te make nie; ek het net met 'n feit te maak as ek dit uit die weg moet ruim!" Tevergeefs pleit hy dan: „Laat ons hierdie bitter stryd volhou en soos één man sê: „Ons hou vol – dit kom nie daarop aan hoe lank nie – maar ons hou vol totdat ons ons onafhanklikheid oor ons bevestig kry."

Wat daarop sou volg het sy strydmakker en veldprediker, ds. J. D. Kestell, wat as sekretaris ook in die tent was, soos volg beskryf:

„Ek sien hom nog, die onbuigbare man met sy deurdringende oë, sy sterke mond en ken – ek sien hom nog daar, soos 'n leeu in 'n hinderlaag vasgekeer. Hy wil nie, hy kan nie, maar hy moet die stryd opgee. Ek sien nog die sombere, getrokke gesigte van offisiere wat tot op daardie oomblik onbeweegbaar was en wat afgevaardig was om die onafhanklikheid te handhaaf. Ek sien op hulle gesigte iets wat onbeskryflik is, gegraveer – iets wat vra: Is dit die bittere einde van ons ly en stry, van ons geloof en sterke roep tot God? Daar het sterke manne wat die volk tot op dié oomblik gelei het, ondervind wat daardie woorde beteken het. Watter aandoening was daar. Ek het daar sterke lippe gesien beef van manne wat nooit vir 'n vyand gebeef het nie. Ek het daar trane sien opwel in oë wat droog was toe hulle hul dierbaarste in die graf gesien wegbêre het. Vóór die onvermydelike het die manne met hulle hoofkommandant (De Wet) die hoof gebuig. Hulle het besluit om onverdeeld te wees."

In 'n tent daar naby het pres. Steyn ernstig siek gelê. Genl. De Wet het sy President vir laas as President gaan groet. Hiervan vertel pres. Steyn self: „Ek weet nie of ek hom weer sou sien nie, maar ek voel dat ek die hand gedruk het, nie alleen van 'n groot veldheer nie, maar 'n Afrikaner wat tot in die verre nageslag deur die Afrikaanse volk geëer sal word."

## 19

As die beraadslaginge en uiteindelike besluite by Vereeniging vir genl. De Wet pynlik was, hoeveel pynliker moes die oomblikke nie gewees het toe hy aan sy burgers die nuus moes gaan meedeel dat

hulle die wapens moes neerlê nie? So het dit dan gekom dat sowat 500 burgers by Aardoorns naby Brandfort in die veld saamgetrek was. Genl. De Wet het hulle eers toegespreek voordat hulle aan genl. Elliot wat digby gelaer was, hulle gewere en ammunisie sou oorhandig.

In breë trekke het genl. De Wet verduidelik wat by die vredesonderhandelinge plaasgevind het. Met beslistheid het hy verklaar dat hy die stryd wou voortsit, maar dat die meerderheid van die afgevaardigdes besluit het dat hulle aan die einde van hul weerstandsvermoë gekom het.

„Laat ek aan julle raad gee," het genl. De Wet gesê, „wees versigtig wat julle teken en moenie julle name op iets plaas behalwe die blote feit dat julle oorgee nie." Eén van die burgers roep toe uit: „Nee, Generaal, ons sal nooit oorgee nie! Om Gods wil lei en ons sal volg!" Van alle kante is daar 'n koor van stemme dat genl. De Wet die stryd moet voortsit.

Terwyl die rumoer ten hemele styg, haal genl. De Wet sy hoed af en buig sy kop effens vooroor. Onmiddellik het 'n doodse stilte gevolg. Met 'n stem wat tril van emosie begin hy praat: „My dapper burgers en kamerade, ek weet wat gaan in julle harte om. Sedert ons laas van mekaar geskei het, het ek ook deur diep waters gegaan. As enigeen van julle vandag met ontblote hoof by die ope graf van jul moeder gestaan het, sou julle minstens die hoop gehad het om haar in die hemel te ontmoet; maar ons liewe geboorteland en ons onafhanklikheid – dit sal nooit weer ons s'n wees soos ons dit geken het nie. Waar ek ook al gelei het, het julle gevolg sonder om vrae te stel of te mor, maar in hierdie uur weet ek dat ek julle slegs langs een weg kan lei . . ." Vir 'n oomblik het hy geswyg. „Lê neer julle wapens en laat ons saam die donker toekoms ingaan."

'n Wanhoopsblik het oor sy gesig gekom. Hy het weer probeer praat, maar sy stem het ingegee, terwyl trane langs sy wange vloei. Hy het weggedraai met geboë hoof en na 'n miershoop daar naby gestap. Lank en roerloos het hy daar gesit, met sy hoof tussen sy hande.

'n Diep en plegtige stilte het oor almal neergedaal wat slegs deur 'n halfonderdrukte snik verbreek is. Hy wat genl. De Wet aangemoedig het om die stryd voort te sit, het na vore getree om

sy geweer af te gee. Hy het dit hoog bokant sy kop geswaai en op die naaste klip met al sy mag neergeslinger. Splinters het na alle kante toe gespat. Met wat oorgebly het, het hy ferm en beslis na die Britse tent gestap en dit op die grond neergesmyt.

## 20

Aan persoonlike eerbetuiginge en lofuitinge het genl. De Wet as nederige en beskeie mens, maar tog 'n gebore heer, hoegenaamd geen erg gehad nie. Terwyl hy saam met genls. Botha en De la Rey net ná die oorlog Europa besoek het, het hy, by meer as één geleentheid, die luisterryke onthale en helde-ontvangste wat vir die gevierde Boeregeneraals gereël is, eens te veel gevind. Só het hy op 'n keer sonder die wete van sy mede-deputate op eie houtjie die hotel verlaat en 'n vroeër trein na die volgende bestemming gehaal om sodoende ongemerk daar aan te kom en al die verwelkomingsgedoentes vry te spring.

Sy ingebore nederigheid en beskeidenheid het mense ook diep geroer. Wanneer hy by 'n kindjie verbygestap het, het hy altyd sy hoed afgehaal en beleefd gegroet. Op 'n vraag waarom hierdie besondere eerbewys, was sy antwoord: „Want aan so 'n kindjie behoort die toekoms van my volk."

Op 'n keer, dit was in die jare ná die oorlog toe maar min Afrikaners dit kon bekostig om eersteklas te reis, het hy van 'n persoon 'n beleefde uitnodiging aanvaar om saam met hom in sy eersteklas-koepee te reis. Nadat hy 'n ruk lank met die vriend saamgereis het, versoek hy dat hy verskoon moet word sodat hy saam met sy mense kan gaan reis. Toe dit aan hom gestel is dat hy sy mense ook na die koepee kan nooi, was sy eenvoudige antwoord: „Baie dankie, baie dankie, maar my mense reis nie eersteklas nie."

Aan die ander kant het hy nie vir 'n oomblik gehuiwer om die vyand skerp te betig as dié sy status as Boeregeneraal ten tye en ook ná die oorlog nie erken en eerbiedig nie. Toe lord Kitchener en ander hoë Britse offisiere sy rang en posisie as hoofkommandant van die Vrystaatse magte openlik en opsetlik in amptelike

korrespondensie tussen hulle misken, het hy eenvoudig die stukke teruggestuur, met die teregwysing dat hy dit slegs sal beantwoord as hulle hom op die korrekte wyse nader. Gewoonlik moes hulle hieraan druipstert toegee.

Selfs die hooghartige Joseph Chamberlain het hom op die vlak van etiket teen 'n Chrisjan de Wet vasgeloop. Tydens die Boere-generaals se besoek aan Europa is Chamberlain, Sekretaris van Kolonies, ook besoek. Toe Chamberlain hulle 'n halfuur na die bestemde tyd laat wag en uiteindelik met sy ooglas en bekende orgidee sonder enige verskoning sy opwagting maak, het hy op 'n onbeskofte wyse vir genl. De Wet as „Mister De Wet" aangespreek. Die generaal was nie links nie en spreek Chamberlain toe skerp aan as „General Chamberlain". Chamberlain het die teregwysing aangevoel, op sy lip gebyt en daarna vir De Wet as „Generaal" De Wet aangespreek.

Ook lord Roberts se ritse betitelingsletters wat sy sekretaris agter sy naam in 'n brief aan genl. De Wet gerig het, het die generaal nie die minste beïndruk nie. Hy het aan sy eie sekretaris opdrag gegee om in antwoord op lord Roberts se brief onder aan die brief te plaas: „C. R. de Wet van A tot Z."

## 21

Oor die reg of verkeerd van die Gewapende Protes, of Rebellie van 1914–'15, soos dit algemeen bekend staan, is en sal nog baie geskryf word. Laat ons vanoggend ook nie oor die reg of verkeerd van genl. De Wet se optrede as vernaamste Rebellieleier in daardie veelbewoë tyd oordeel nie, kom ons luister net na sy woorde waarom hy rebelleer het. Hy staan as beskuldigde op 16 Junie 1915 in die getuiebank in die Hooggeregshof in Bloemfontein, en gebruik dan hierdie woorde:

„Die grootste gedeelte van die volk van Suid-Afrika is teen die Regering se besluit om 'n ekspedisie na Duits-Suidwes-Afrika te stuur en dit van die Duitsers te verower. Ek maak nooit misbruik van aanhalings uit die Bybel nie, maar die Skrif sê aan my: Wees jou owerheid gehoorsaam wanneer dit nie in stryd met Gods Woord is nie. Hy vind in die Bybel ook ander tekste soos: Ver-

vloek is diegene wat 'n ander man se landspale versit. Ek het gemoedsbesware teen die inval in Duits-Suidwes-Afrika en dit het ek altyd gesê. As 'n oorlog regverdig kom en jy moet jou land verdedig, dan kan jy, as dit nodig is, alle landspale versit en alles insluk. Ek glo dat die Afrikaanse volk en ook die Engelse volk by hierdie selfde standpunt sal staan, nl. dat jy die hele land van die vyand mag verower as jou saak regverdig is. Die aanval op Duits-Suidwes-Afrika is by my en die hele Afrikaanse volk 'n onregverdige goddelose daad. Ek het sover gegaan as om te sê dat 'n mens by so 'n daad nie mag stilsit nie . . ."

Dit was sy oortuiging, gedra deur sy geloofsbeskouinge, en niks sou hom daarvan laat afsien nie. Daarom kon hy tydens die Rebellie te velde aan die student, en latere dr. S. P. E. Boshoff verklaar:

„Nou voel ek, dat, as ek myself getrou wil wees voor God en mens, dan moet ek my vinger steek in die oog van God of die oog van Lewies Botha, en ek sal hom steek in die oog van Botha, wat alleen my liggaam en nie my siel kan seer maak nie."

En toe sy belowende seun op 8 November 1914 te Doornberg tydens 'n skermutseling met die regeringstroepe sneuwel, was genl. De Wet, wat self sy begrafnis in die veld moes waarneem, se woorde: „Dit is 'n dure offer op die altaar van ons vryheid, maar ek gee hom honderdmaal liewer so af vir sy vaderland, as ons hom vir Botha en die Engelse in Duits-Suidwes-Afrika te laat doodskiet."

Op grond van wat hy in die verlede op die altaar van die Afrikaner se vryheid en onafhanklikheid gebring het, het genl. De Wet hom as die gewete van sy volk beskou. Van sy historiese rol was hy kennelik bewus. Na sy veroordeling: ses jaar tronkstraf en £2 000 boete, was daar bemoeiing dat hy in sy gevangenisskap nie die bandietpak sou dra nie. Hierop was sy woorde: „Julle moes vir my hierdie vernedering laat ondergaan. Ek was daar nie op teen om vir my volk ook die bont pak aan te trek nie."

## 22

Skuldig! So het die hofuitspraak gelui. Genl. De Wet was vanweë sy deelname aan die Rebellie skuldig aan hoogverraad. As straf moes hy 'n boete van £2 000 betaal en ses jaar in die gevangenis uitdien. Net na die vonnis wat in Engels gevel is, slaan hy self in

Engels deur en vra: „Is that all?" Moontlik was hy 'n swaarder, selfs die doodstraf, te wagte. Eén van die regters het egter die opmerking gemaak dat niks hom verhoed om hom vir minagting van die hof terug te roep en verder te straf nie.

Daarbuite het die Afrikanervolk die uitspraak as 'n persoonlike belediging en aanstoot vir die Afrikaner beskou. *Die Volksblad* het 'n „Generaal-De-Wet-Halfkroon-Fonds" in die lewe geroep, en binne enkele maande is meer as twee maal die bedrag ingevorder sodat ook ander Rebellieleiers se boetes daarmee betaal is.

Dat genl. De Wet as 'n misdadiger in die Fort in Johannesburg opgesluit moes word, was meer as wat baie kon dra. 'n Stroom van pleidooie is aan genls. Botha en Smuts gerig om hom vry te stel. Uiteindelik sou duisende vroue uit alle dele van die land deur die strate van Pretoria na die Uniegebou stap om 'n versoekskrif by die Goewerneur-generaal te gaan indien.

„Ons wend ons tot u Eksellensie met die eerbiedige en ernstige oorwoë versoek," so lui die petisie, „dat genade mag betoon word aan hom wat die liefling van sy volk is, en die held van menige eerlike en ridderlike stryd – aan die gryse generaal Christiaan de Wet, en aan sy medegevangenes . . . As moeders wat self gely het, u Eksellensie, wat verdriet van naby geken het en neergedruk word deur die ramp wat ons volk getref het, gaan ons harte uit tot hulle wat tans ly, en hulle smart is ook ons smart . . ."

Van hierdie aangrypende optog skryf *De Volkstem:* „Statig stap die stoet in rye van agt voorwaarts. Langs die uitgekapte weg kronkel dit op soos 'n swart slinger. Geen geluid word gehoor nie as slegs dié van duisende voete, 'n geluid van vaste wil asof dit klink uit al die skredes: ‚Al sou ons moet kruip, ons sal opgaan vir ons held, generaal De Wet'."

Aan die hartroerende versoek is eers etlike maande later voldoen toe genl. De Wet na elf maande in die sel op parool vrygelaat is. Sy een-en-sestigste verjaarsdag moes hy nog in die gevangenis deurbring. Van sy medegevangenes het hy 'n skriftelike gelukwensing ontvang:

„Zeer geachte en Geliefde ou' Generaal, Het tref ons allen tot diep in het hart dat wij op Uw verjaarsdag in de gevangenis de hand moet drukken, maar wij doen dit toch met een gevoel van grote dankbaarheid omdat we overtuigd zijn, dat het nameloos lijden van Uw oude dag nog vruchtbaarder is voor ons nationale en andere idealen dan Uw manlijke strijd van jonger dagen . . ."

Dit is bekend dat alhoewel genls. Christiaan de Wet en Jan Smuts gedurende die oorlog strydmakkers was en onderskeidelik as opperbevelhebbers oor die Vrystaat en die Kaapkolonie ten nouste saamgewerk het, hulle ná die Driejarige Oorlog radikaal verskillende politieke oortuiginge en staatkundige ideale gehuldig het. Terwyl genl. Smuts hom heelhartig beywer het vir die uitbou en versterking van die Britse ryksbande en dus ook dié tussen Suid-Afrika en Brittanje beywer het, het genl. De Wet as stoere republikein, saam met ander, daarna gestreef om 'n volkome onafhanklike Suid-Afrika met 'n eie vlag tot stand te bring.

Tot en met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, was daar nog samewerking tussen hierdie twee Boeregeneraals, maar toe genl. Botha as Eerste Minister vir genl. Hertzog in 1912 uit die kabinet sit omdat sy ideaalstelling van „Suid-Afrika eerste!" Botha se Ryksondersteuners in die verleentheid gestel het, was genl. De Wet dié één wat tydens 'n protesvergadering in Prinsespark, op 'n mishoop gestaan en uitgeroep het: „Ek staan vandag hier liewer op 'n mishoop onder my eie volk, as op die skitterendste spreekgestoelte onder vreemdelinge."

Op die kongres van die Suid-Afrikaanse Party in 1913 waarin al die Boeregeneraals saamgetrek was, en 'n poging aangewend is om die breuk tussen genls. Botha en Hertzog te heel, het genl. De Wet ook die kongres toegespreek. Op sy tipiese reguit wyse sluit hy sy toespraak af met die woorde: „Liewer met party en al na die maan, as om volksbeginsels prys te gee." En toe die geskil nie opgelos kon word nie, het genl. Hertzog en sy volgelinge op 'n dramatiese wyse die saal verlaat, terwyl die stoere genl. De Wet vir laas omdraai en die Botha-volgelinge toeroep: „Adieu!"

Met die Rebellie is die verskille tussen genl. De Wet aan die een kant en genls. Botha en Smuts aan die ander kant volkome op die spits gedryf. Nadat genl. De Wet op parool vrygelaat is, het hy dadelik 'n onderhoud met genl. Smuts aangevra om as voorspraak te dien vir ander Rebelle wat nog in die tronk was. Tydens die onderhoud het genl. De Wet, volgens genl. Smuts, aan hom gesê: „Jan, ek het nie gekom om jou te bedank vir die loslating

nie, want ek reken dit is 'n reg wat my toekom vir wat ek vir my volk gedoen het. Ek wil nie hê dat jy van my moet verwag om by die huis te gaan stilsit nie, want jy weet dat ons op politieke gebied verskil. Ek wil net sê, die ou stryd gaan voort!"

Teenoor sy belangstellende klerke het genl. Smuts na die onderhoud opgemerk: „Alleen 'n groot man soos De Wet kón so iets doen." By De Wet se graf sou genl. Smuts weer hierna verwys met die woorde: „Een ridderlijk figuur en schoone vechter. Een edel karakter, waarin niets van kleingeestigheid of haatdraendheid was."

## 24

Vandag loop die reeks oor genl. De Wet en sy verkenners ten einde, en niks is seker meer gepas nie as om na sy graf terug te keer, daar waar hulle hom vanjaar presies vyftig jaar gelede weggelê het, en na die aangrypende woorde van oud-president F. W. Reitz se lyksrede te luister.

„Dat ons twee helde hier langs mekaar moet rus is heeltemal reg. Steyn en De Wet sal so lank die aarde bly bestaan altyd saam geroem en geëer word as die twee Vrystaters wat hulle opgeoffer het vir die reg en die vryheid van Suid-Afrika. Die naam van genl. De Wet is die hele wêreld deur bekend as 'n dapper en bekwame krygsman. Daar kan geen twyfel bestaan nie dat hy die man was wat veral in die laaste agtien maande van ons oorlog op wonderbaarlike wyse die oorweldigende magte van die vyand teëgehou het en al hul krygsplanne verydel het.

Van bekwame krygsmanne is die geskiedenis van die wêreld vol. Maar De Wet was iets beters en groters en edelers as 'n voortreflike leidsman van kommando's. Hy was 'n patriot, 'n man wat hom opgeoffer het, nie ter wille van roem of van persoonlike voordele nie, maar om die onafhanklikheid van sy land te verdedig.

Dat hy daarvoor opgeoffer het sy goed, sy bloed en kinders wat hom dierbaar was, wie sal dit ontken? Wie sal ontken, dat deur die vermoeienisse en ontberinge wat hy in die gedurige gevegte en

rondswerf moes ondergaan, sy liggaamskragte uitgeput en verswak het, sodat hy teen die einde van sy lewe dit maar altyd swaar gekry het, ja, selfs op geldelike gebied?

Dit was die ideaal waarvoor hy hom opgeoffer het, die edele verhewe ideaal van liefde vir sy land en gehegtheid aan reg en vryheid. Dit was sy geloof dat 'n volk, hoe klein en swak, ook dieselfde reg van selfregering en volkome onafhanklikheid besit en behou, as die grootste en sterkste ryk op aarde.

Aan hierdie ideaal het hy standvastig en getrou gebly tot aan sy dood toe. Nooit het hy gewankel in sy geloof dat reg sal regeer tot in ewigheid omdat, eweas pres. Steyn, hy ook die oortuiging gehad het dat die Here regeer.

Hy het selfs die hoop gekoester dat hy nog gedurende sy leeftyd die volkome vryheid, wat sy land voorheen geniet het, weer op vreedsame wyse herstel sou sien. Die dag het hy nie beleef nie, maar De Wet het aan ons die geloof en hoop as 'n erfporsie nagelaat, en dit is al wat hy sy volk kon nalaat . . ."

En na vyftig jaar, moet ons as die „kinders van De Wet" vra en antwoord: Wat meer moes hy aan ons volk nagelaat het as hoop, wat deur sy standvastigheid en onwrikbaarheid, 'n onvernietigbare karakter aan die Afrikaner verleen het.

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery (Edms.) Beperk, Zeldastraat, Elsiesrivier